The Peacable Kingdom deur Edward Hicks (1780-1849)

Ons teks kom uit Protojesaja (die eerste Jesaja boek – Jes 1-39) wat afspeel in die tydperk ongeveer 776-697 vC met die val van Samaria (Noordryk) in 722 vC en die beleer van Jerusalem in 701 vC en die ballingskap deur Assirië.

Jesaja tree in die tyd as profeet op. Profete het twee belangrike take gehad. Hulle moes WAARSKU, en dit het dikwels gepaard gegaan met ‘n OORDEELSWOORD van God.

Wanneer die volk dan in die moeilikheid was en die gevolge van hulle keuses moes dra, was die profeet ook die een wat hulle moed moes inpraat, die een wat HOOP moes bring. Jesaja bring ‘n oordeelsboodskap. Die volk het die Here vergeet. Die armes se regte word ontsê, die weduwees en weeskinders (die weerloses) word uitgebuit, hulle huise is vol geweld, hulle maak mekaar dood, die regeerders is vol korrupsie en sorg net vir hulleself, die reg word verdraai, leiers mislei hulle volgelinge, daar heers totale verwarring. En die oordeel van God is amper die ondenkbare – God se belofte dat daar altyd ‘n afstammeling van Dawid as koning sal heers, lê aan skerwe as die profeet voorspel dat die Assiriërs Jerusalem gaan inneem en die volk en sy koning in Ballingskap gaan wegvoer. Van Dawid se nageslag uit die stamboom van sy pa Isai, sê Jesaja, sal daar net ‘n stomp oorbly – ‘n afgekapte boom...

Soos baie kere in die verlede, roep die volk om hulp, vra hulle vir ‘n teken, iets om aan vas te hou...Dan kom Jesaja met hierdie prentjie van HOOP in hoofstuk 11.

Die stomp, wat almal gedink het dood is, het nog wortels. En wanneer die Gees van die Here oor die stomp waai, gebeur daar iets...nuwe lewe, ‘n takkie groei uit die stomp van Isai.

Die hoop wat Jesaja hier voorspel is ‘n grootse wonderwerk. Die teenoorgestelde van wat die volk beleef, vind hier plaas. Die magtige behandel die magtelose asof hy saak maak. Die wapens wat hier opgeneem word is nie spiese en swaarde nie, maar kom uit die mond, oor die lippe – *words, not swords.* (vgl Advent Woord wat mens word). Hy omgord hom met regverdigheid en betroubaarheid (God se wapen-rusting – 11:5).

Verder word ‘n prentjie geskets, ‘n skildery wat die onmoontlike uitbeeld, word opgehang. Verhoudings wat deur geweld gekenmerk is, word nou ‘n vredesprentjie:

- Wolwe en skape bly saam
- Luiperds lê tussen bokkies
- Leeus, kalwers en beeste wei saam en eet gras
- Klein kindertjies (weerloses) word die leiers
- Babas en giftige slange speel saam

v 9 *Op die heilige berg doen niemand kwaad nie, word niks verniel nie... alles is vol van die heerlikheid van God.*
v 10 *In dié tyd sal iemand uit die wortels van Isai ‘n vaandel, ‘n TEKEN wees vir die volke, mense sal na hom toe stroom en na hom vra...*

Binne die konteks van Jesaja was die takkie uit die stomp van Isai waarskynlik koning Hiskia (rondom 715 vC). Ons lees van hom in 2 Kon 18 . . . *Hiskia het op die Here, die God van Israel vertrou. Nie een van die konings van Juda voor of na Hiskia was soos hy nie. Hy was getrou aan die Here en het nie van Hom af weggedraai nie...* (2 Kon 18:5,6).

Na Hiskia loop dinge weer skeef. Dit is die geboorte van Jesus wat weer herinner aan Jesaja se Takkie uit Isai (vgl die geslagsregister in Mat 1).

ADVENT
Ons wêreld het meer as ooit *tekens* nodig. Ons land het tekens nodig. Ons dorp het tekens nodig...wat ons verbeelding aangryp, wat hoop gee, ons anders sal laat kyk, sodat ons verder kan sien, en glo dat die onmoontlike moontlik is.

Advent is dít – ‘n tyd elke jaar waar hierdie skildery vir ons opgehang word. Waar ons as’t ware in die skildery ingetrek word, uitgedaag word om saam met hulle wie ek gedink het dit onmoontlik is, in die prentjie te kom staan, toe te laat dat die wind van God oor my stomp kom

waai, ek my wapens neerlê, kies om my kwaad te laat staan en ipv te verniel, te begin help om op te ruim, ‘n boom te plant, ‘n teken van hoop te word...

Op my heilige berg sal niemand kwaad aanrig of iets verniel nie...
In die tyd sal iemand ‘n vaandel, ‘n teken vir mense wees...
‘n Takkie uit die stomp van Isai...

Om oor na te dink en te gesels

- Daar is genoeg destruktiwiteit, verwaarlosing, traak-my-nie-agtigheid wat ons moedeloos kan maak. Gaan lees weer die skeppingsverhaal in Gen 1 stadig deur. Hoor in die stilte die Gees van God wat oor die water sweef, God wat begin praat . . . en die lig wat deur die donker breek. En luister dan baie mooi na wat gesê word aan die einde van elke dag: *En dit was goed...en dit was goed...en dit was baie goed...*
- Hang die skildery van Gen 1 langs Jesaja se skildery op en staar in stilte na hierdie tekens en laat toe dat wat ook al na jou toe moet kom, sal gebeur.
- Waag dit om vir ‘n oomblik die raam om jouself te sit, self in die prentjie te klim. As jy baie stil sit, sal jy jou eie asem hoor – God se Gees in jou. Het jy al gedink hoe jy in hierdie tyd ‘n teken van hoop kan wees wat ander kan laat glo dat verandering moontlik is?